

### **Verlofreëlings met effek van 1 April 2021**

1. In gevalle waar werknemers sal voortgaan om van die huis af te werk, sal die "Leave of Absence: Work from Home"-opsie geld.
2. Waar werknemers deur enige regeringsmaatreël beperk word om na die werk terug te keer, maar nie van die huis af kan werk nie, sal "Leave of Absence: Other" geld.
3. Waar werknemers nie deur die Universiteit vereis word om na die werk terug te keer nie, maar hulle kan nie van die huis af werk nie, sal "Leave of Absence: Other" geld.
4. Waar die Universiteit van 'n werknemer verwag om na die werksplek terug te keer, maar die persoon is 'n kwesbare persoon<sup>1</sup> wat nie geakkommodeer kan word nie en nie van die huis af kan werk nie, sal die volgende geld:
  - a) Dit sal beskou word dat die werknemer op siekverlof is. Die stelsel moet dan die volgende aandui: "Sick Leave – COVID-19".
  - b) Vyf (5) dae se jaarlikse verlof per maand sal van die werknemer se verlofbalans afgetrek word. Die jaarlikse verlof sal eerste van enige jaarlikse verlof vir 2019 wat nie geneem is nie, afgetrek word. Die aftrekking sal stop wanneer die werknemer 'n nul-verlofbalans bereik. Geen werknemer sal met 'n negatiewe verlofbalans gelaat word nie.
  - c) Die werknemer sal onbetaalde verlof begin neem wanneer alle siek- en jaarlikse verlof uitgeput is.
5. Indien skole of kinderversorgingsfasiliteite op enige tydstip in die toekoms gedwing word om te sluit, en 'n werknemer wat na 'n kind of kinders moet omsien, kan ten volle of gedeeltelik van die huis af werk, sal dit met die lynbestuurder bespreek word en waar moontlik, sal "Leave of Absence: Working from Home" geld.
6. Indien skole of kinderversorgingsfasiliteite op enige tydstip in die toekoms gedwing word om te sluit, en 'n werknemer wat na 'n kind of kinders moet omsien, kan nie ten volle of gedeeltelik van die huis af werk nie, sal daar van die werknemer verwag word om deernisverlof te neem. Wanneer dit

---

<sup>1</sup> 'n **Kwesbare Werknemer** word gedefinieer as:

- 'n werknemer met bekende of bekendgemaakte gesondheidskwessies of onderliggende siektes; of
- 'n werknemer met enige toestand wat of wat moontlik sulke werknemers aan 'n hoër risiko vir komplikasies of dood sou blootstel indien hulle COVID-19 sou opdoen; of
- werknemers ouer as 60 wat 'n groter risiko van komplikasies of dood loop indien hulle COVID-19 sou opdoen.

uitgeput is, sal die werknemer jaarlikse verlof moet neem. Die werknemer sal op onbetaalde verlof geplaas word indien hulle hul jaarliks verloftoekenning uitput.

7. Werknemers moet ook daarop let dat in gevalle waar hulle hulself moet isoleer, en hulle nie van die huis kan werk nie, hul verlof as siekverlof vasgelê sal word.
8. Verlof van die 2019-verlofsiklus wat nie voor die einde van Julie 2021 geneem word nie, sal verbeur word.
9. Verlof van die 2020-verlofsiklus wat nie voor die einde van Desember 2021 geneem word nie, sal verbeur word.
10. Lynbestuurders en omgewings word aangemoedig om dit vir werknemers moontlik te maak om verlof om gesondheids- en welstandshalwe te neem, en om die risiko dat verlof verbeur word, tot 'n minimum te beperk.

**\*Hierdie aangepaste verlofmaatreëls vervang alle vorige maatreëls vir verlof wat met betrekking tot die COVID-19-pandemie deur die IKBV uitgereik is.**

**25 Maart 2021**